**LEDE IN CHRISTUS KERK**
**TEOLOGIESE SEMINARIE**

LEDE IN CHRISTUS KERK
1 KOR/COR 12:27
MEMBERS IN CHRIST CHURCH

# *Die opkoms van 'n nuwe generasie.*

# Contents

1. Leerstellige Verklaring .... 4
2. Agtergrond. .... 5
2.1 Begin van 'n nuwe era .... 7
3. Personeel. .... 8
4. Visie Stelling. .... 9
5. Doelwit Stelling. .... 9
6. Seminarie Graderingstelsel. .... 10
7. Registrasie Informasie .... 11
7.1 Inskrywings vir die Akademiese jaar: .... 11
7.2 Aansoek vorm .... 11
8. Kostes. .... 12
9. Kursusse .... 13
9.1 Sertifikaat in Pastorale Leierskap. .... 13
9.2 Diploma in Pastorale Leierskap. .... 15
9.3 Die Pastoorsvrou in die Bediening. .... 19
9.4 Diploma in Bybelse Berading .... 20
10. Vertroulikheidsbeleid. .... 22
11. Kanselasie van studies .... 23

11.1 PROSES BY KANSELLASIE VAN STUDIE ........ 23

11.2 BETAALBARE GELDE BY KANSELLASIE VAN STUDIE ........ 23

## 1. Leerstellige Verklaring.

**Die LEDE IN CHRISTUS KERK TEOLOGIESE SEMINARIE (LICKTS) is die amptelike Teologiese Opleiding Institusie van die Lede in Christus Kerk. Ons is ‘n Pinkster denominasie, genadiglik gered deur die versoeningsbloed van Jesus Christus. Ons anvaar die Bybel as die geïnspireerde Woord van God, Wie geopenbaar is in ‘n Drie-eenheid as Vader, Seun en Heilige Gees. Ons glo ook in ware bekering, sonde belydenis, restitusie, en die waterdoop as die verlossingsplan van God vir die mensdom. Ons beoefen doop deur onderdompeling en glo in die doping in die Heilige Gees met die spreek in vreemde tale as bewys daarvan. Ons glo in praktiese heiligmaking nie deur eie geregtigheid nie maar deur die werking van die Heilige Gees as die aanhoudende proses van wedergeboorte. Die manifestasie van die Heilige Gees en die werking van die gawes van die Heilige Gees is vir ons essensieel in ons dienste. Ten slotte glo ons ook in die wederkoms van Jesus Christus en ‘n ewige hemel en ‘n ewige hel.**

## 2. Agtergrond.

**Gedurende die eerste bestaansjare van die kerk was voornemende pastore opgeroep na die opleidingssentrum (Gebedshuis) vir 'n onbepaalde tyd, waar hulle dan opgelei was. Die destydse moderator en stigter van die kerk, Past. C. J. Prinsloo, het met die hulp van die ander pastore; Jaap Steenkamp, Dries Botha, B. M. J. Van Vuuren, die opleiding behartig. Later in die tyd van Past. G. J. Du Toit as moderator, is die opleiding stelsel verbeter en opleiding was gedoen op 'n ad hoc basis met homself, pastore D. P. Du Toit (Finansies), J. P. Van Den Berg (Sondagskool) en andere as die opleidingspersoneel. Daar was op daardie stadium reeds 'n groot behoefte aan die samestelling van 'n behoorlike pastorale kursus en effektiewe opleiding veral deur pastore Hannes Kapp en Otto Marx. In 1990 is 'n opleidingsspan dan ook in die lewe geroep met Past. T. I. M. Jooste as prinsipaal, J. P. Van Den Berg as sekretaris, D. Steynvaardt, J. J. Marx en G. M. J. Ferreira. 'n Formele pastorale kursus is saamgestel en die eerste groep van elf (11) pastore het dit bygewoon om pastorale opleiding te ontvang in November 1990 in die kerk van Helderberg Gemeente in Pretoria. Hierdie aanbieding was daarvan af op 'n jaarlikse basis gedoen en daar was ook aandag gegee aan spesiale kursusse soos Interpersoonlike Effektiwiteit (1995), die EE3 Evangelisasie kursus en so meer. 'n Kursus vir nege en twintig (29) vise-pastore en hulle gades was ook aangebied in Des 1994. Jaarlikse kursusse was ook geïmplementeer vir die swart pastore.**

**Dit het die weg gebaan vir die totstandkoming van die Gamaliël Bybelskool wat dan later verander het na Gamaliël Bybelkollege. In 1997 is die deure van die Gamaliël Bybelkollege amptelik geopen as die algemene opleidingsentrum van die Lede In Christus Kerk deur die moderator Dr. W. R. Frisby. Verskeie van die lektore het hulself intussen bekwaam en Dr. J. P. Van Den Berg (as dekaan) en Prof. W. R. Frisby (as moderator) het baanbrekerswerk, saam met andere gedoen, wie deel was en later deel geword het geword het van die opleiding. In hierdie tyd is daar ook samewerking bewerkstellig met die Apostoliese Geloofsending Teologiese Seminarium,**

**Christian Life Training (C. L. T) College, en Trinity Internasionale Bybel Universiteit. Ander dosente soos pastore J. S. Vosloo, J. J. Marx, M. B. Erasmus, M. Erasmus, Dr. J. J. Deysel en Prof. J. Grobler het ook sedertdien deel geword van die opleidingspan.**

**In April 2010 word Dr. Marius Erasmus verkies deur die pastoorskorps as moderator en hy sien opleiding as een van die prioriteite in sy visie vir die kerk vir die toekoms. Dr. J. J. Deysel word verkies tot Direkteur van Opleiding en word die voorsitter van 'n effektiewe opleidingskomitee (Prof. J. Grobler, Dr. J. P. Van Den Berg, Past. G. M. J. Ferreira, Past. P. J. King, Past. J. S. Vosloo, Past. S. Batohi, Past. M. B. Erasmus, Past. J. J. Marx, Past. R. Cilliers, Past. J. M. Jansen Van Vuuren en Me. A. Deysel).**

**Past. T. I. M. Jooste was dan die eerste Prinsipaal van die destydse Gamaliël Bybelskool en is opgevolg deur Dr. J. P. Van den Berg in Feb. 2001 as dekaan van Gamaliël Bybelkollege. In April 2010 volg Dr. J. J. Deysel hom op as die Direkteur van Teologiese Opleiding van die Lede In Christus Kerk (Lede in Christus Kerk Teologiese Seminarie). Die Pastorale Kursus word op gegradeer en word 'n twee jaar kursus waar studente 'n Sertifikaat in Christelike Diens en later ook en 'n Diploma in Pastorale Leierskap kan verwerf.**

**LICKTS bied ook 'n kursus aan vir die dames genaamd, Die Pastoorsvrou in die Bediening. Die vakke van hierdie kursus kan ook vervang word met vakke van die Diploma in Pastorale Leierskap as die student dit so verkies.**

## 2.1 Begin van ‘n nuwe era.

**In Augustus 2014 begin ‘n nuwe era vir die Seminarie toe Dr. Japie Deysel, Past. Arnold Venter (Registrateur), Dr. Marius Erasmus (Moderator) en die Algemene Sekretaris, Past. Rudie Cilliers, met ‘n afvaardiging van die fakulteit van Teologie van die Noordwes Universiteit (NWU) vergader om ‘n ooreenkoms van samewerking te sluit met NWU. Die twee instansies sal hande vat om by wyse van die NWU se afstandsonderrig stelsel (AOS) nasionaal goedgekeurde grade in LICKTS aan te bied. Sedert die tyd van Past T. I. M. Jooste was dit die vooruitsig van die opleidingsdepartement van Lede in Christus Kerk om in die toekoms ‘n kwalifikasie daar te stel vir die pastore wat voldoen aan die vereisdes van die Suid Afrikaanse kwalifikasie owerheid (SAKO). Die samewerking met NWU impliseer dat studente B.Th/ Honeurs/ Meesters en Doktors graad in Pinkster Teologie deur die AOS van NWU in Lede in Christus Kerk kan verwerf.**

**Die Sertifikaat in Christelike Diens en Diploma in Pastorale Leierskap word gekombineer in ‘n Diploma in Pastorale Leierskap.**

## 3. Personeel.

**Direkteur van Teologiese Opleiding:** **Past H van deventer**

**Komitee Lede:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Past. A.G Venter,** | **Sis S Senekal** | **Past M Du Preez** | **Past. C. Helberg.** |
| **Past B Pretorius** | **Past L Schoeman** | **Past D De Beer** | **Past R Barwise** |

**Kurrikulum Adviseurs:**

**Past. H. Van Deventer.**

**Past. A. G. Venter.**

**Dr. P. J. King.**

***Vir enige navrae kontak gerus:***

**Die Dekaan**

**Past. Arnold Venter.**

**Posbus 30177**

**Wonderboom poort**

**0033**

**Cell:** 067 408 1181

**Email:** **registrar@lickts.co.za.**

## 4. Visie Stelling.

**Om op alle vlakke van die lewe 'n invloed in die samelewing uit te oefen ten einde mense in staat te stel om deur die Woord van God hul Godgegewe potensiaal te bereik.**

## 5. Doelwit Stelling.

**Die toerusting van 'n generasie van mense wie sal lief wees vir die Geesgedrewe Woord van God, dit sal verkondig, dit sal lewe en die wêreld daarmee sal verander.**



## 6. Seminarie Graderingstelsel.

| Graad | Persentasie | Punt |
|---|---|---|
| A | 90-100 | 6 |
| B | 80-90 | 5 |
| C | 70-80 | 4 |
| D | 50-69 | 3 |
| E | 50 en minder | 2 |

# 7. Registrasie Informasie

## 7.1 Inskrywings vir die Akademiese jaar:

**Diploma en Sertifikaat Kursus.**

**Studente kan reg deur die jaar inskryf vir studies**

**Graad Kursus.**

i. **Inskrywings sluit 30 September van elke jaar.**

## 7.2 Aansoek vorm

**Aansoek vorm vir die Diploma kursus kan hier afgelaai word**

**Inskrywings vorm**

**(Regs kliek op skakel en kies "save as").**

**Aansoek vorms vir die graad kursus kan verkry word vanaf die Registrateur Past Arnold Venter by e-pos registrar@lickts.co.za.**

**Voltooide inskrywings vorms moet gepos word aan: registrar@lickts.co.za**

## 8. Kostes.

| | |
|---|---|
| **Registrasie Fooi:** | **R 500** |
| **Die Pastoorsvrou in die Bediening Program:** | **R 5000-00 (Word met skakel van webwerf elektronies afgelaai).** |
| **Sertifikaat in Pastorale leierskap** | **R 8 000-00 (Word met skakel van webwerf elektronies afgelaai).** |
| **Diploma in Pastorale Leierskap Program:** | **R 9 000-00 (Word met skakel van webwerf elektronies afgelaai).** |
| **Diploma in Bybelse Berading** | **R 9 000-00 (Word met skakel van webwerf elektronies afgelaai).** |

***Rekening Besonderhede:***

**LEDE IN CHRISTUS KERK GAMALIEL BYBELKOLLEGE.**

**ABSA Tjek no: 630674727**

**Takkode: 632005**

**Verwysing: Studente nommer of ID nommer (Stuur 'n E-pos met volle name, van en Id no na registrar@lickts.co.za om studente nommer te bekom.)**

# 9. Kursusse

## 9.1 Sertifikaat in Pastorale Leierskap.

| Vak | Module | Krediete | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| Sistematiese Teologie I | | 30 | |
| Kerk leerstellings | S101 | | Studie aangaande kerk leerstellings. |
| Bibliologie | S102 | | Bibliologie ondersoek die Skrifte om vas te stel of dit die beliggaming is van Goddelike openbaring, eg, geloofbaar, outentiek (kanoniek) en bonatuurlik geïnspireerd is. |
| Teologie (Godheid)<br>Christologie<br>Pneumatologie | S103 | | Leerstellings aangaande God.<br>Leerstellings aangaande Christus.<br>Leerstellings aangaande Heilige Gees. |
| Bybel kunde I | | 20 | |
| Homiletiek | B101 | | Homiletiek is die Teologiese Wetenskap wat as studieobjek het die bediening van die Woord in die vergadering van die gemeente van Christus. |
| Hermeneutiek | B102 | | Bybelse hermeneutiek is die leerstuk wat hom besig hou met die bestudering van beginsels wat met die verklaring van die Heilige Skrif in verband staan. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Praktiese Teologie I** | | **40** | |
| **Profesie** | **P101** | | **Die bestudering van die herkoms en gawe van profesie en die amp van profeet binne die kerk.** |
| **Pastorale Leierskap** | **P104** | | **’n Studie wat handel oor Pastorale Leierskap en Kommunikasie.** |
| **Pastorale Berading** | **P102** | | **‘n Pastorale Berading model.** |
| **Liturgie** | **P107** | | **Die diensorde en optrede tydens die leiding van kerkdienste.** |
| **Praktiese Teologie II** | | **20** | |
| **Pastorale Teologie** | **P202** | | **Die teologiese bestudering van die amp, doel en funksie van die pastoraat.** |
| **Sonde Belydenis** | **P204** | | **Ontdek die belangrikheid van sonde belydenis vir kerk van vandag.** |
| **Kerk administrasie** | **P206** | **10** | **Daaglikse kerk administrasie** |
| **Kerk en mense regte** | **P207** | **10** | **Mense regte in die kerk** |

## 9.2 Diploma in Pastorale Leierskap.

| Vak | Module | Krediete | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| **Sistematiese Teologie I** | | **30** | |
| Kerk leerstellings | S101 | 8 | Studie aangaande kerk leerstellings. |
| Bibliologie | S102 | 8 | Bibliologie ondersoek die Skrifte om vas te stel of dit die beliggaming is van Goddelike openbaring, eg, geloofbaar, outentiek (kanoniek) en bonatuurlik geïnspireerd is. |
| Teologie (Godheid)<br>Christologie<br>Pneumatologie | S103 | 6 | Leerstellings aangaande God.<br>Leerstellings aangaande Christus.<br>Leerstellings aangaande Heilige Gees. |
| Dogmatiek | S104 | 8 | Studie oor die dogma van die kerk. |
| **Bybel kunde I** | | **24** | |
| Homiletiek | B101 | 12 | Homiletiek is die Teologiese Wetenskap wat as studieobjek het die bediening van die Woord in die vergadering van die gemeente van Christus. |
| Hermeneutiek | B102 | 12 | Bybelse hermeneutiek is die leerstuk wat hom besig hou met die bestudering van beginsels wat met die verklaring van die Heilige Skrif in verband staan. |

| Praktiese Teologie I | | 70 | |
|---|---|---|---|
| Profesie | P101 | 10 | Die bestudering van die herkoms en gawe van profesie en die amp van profeet binne die kerk. |
| Pastorale berading | P102 | 10 | Die spbm model vir pastorale berading voorhuwelikse berading, trauma hantering en hoop na egskeiding |
| Emosionele Intelligensie | P103 | 10 | ‘n Studie oor die belangrikheid van emosionele volwassenheid. |
| Pastorale Leierskap | P104 | 10 | ’n Studie wat handel oor Pastorale Leierskap en Kommunikasie. |
| Inleiding tot Sielkunde | P105 | 10 | Die wetenskaplike bestudering van menslike gedrag en denkprosesse. |
| Inleiding tot Sosiologie | P106 | 10 | Die studie van die samelewing en die interaksie tussen mense. |
| Liturgie | P107 | 10 | Die diensorde en optrede tydens die leiding van kerkdienste. |
| Praktiese Teologie II | | 70 | |
| Kerkgroei | P201 | 10 | ’’n Studie model oor kerkgroei in kleiner kerke. |
| Pastorale Teologie | P202 | 10 | Die teologiese bestudering van die amp, doel en funksie van die pastoraat. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vergadering Prosedure** | **P203** | **10** | **Die dinamika van vergadering.** |
| **Sonde Belydenis** | **P204** | **10** | **Ontdek die belangrikheid van sonde belydenis vir kerk van vandag.** |
| **Jeug en kinder bediening** | **P205** | **10** | **Jeug en kinder bediening in die kerk** |
| **Kerk administrasie** | **P206** | **10** | **Daaglikse kerk administrasie** |
| **Kerk en mense regte** | **P207** | **10** | **Mense regte in die kerk** |
| **Praktiese Komponent** | | **50** | |
| **Berei en bied 'n aanbiddings diens aan** | | **15** | |
| **Beplan en doen lering sessies in Geloofs gemeennskap** | | **15** | |
| **Ontwikkel pro-aktiewe en reaktiewe lewensvaardighede in geloofs gemeenskap** | | **10** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Betrek leiers van 'n geloofs gemeentskap** | | **5** | |
| **Beplan en doen 'n uitreik of gemeenskaps projek in geloofs gemeenskap** | | **5** | |

## 9.3 Die Pastoorsvrou in die Bediening.

| *Vak* | Module | Beskrywing |
|---|---|---|
| Die vrou se rol in die pastorie I | M1 | ‘n Studie oor die rol van die Pastorie Moeder in die bediening. Deel I |
| Die vrou se rol in die pastorie II | M2 | ‘n Studie oor die rol van die Pastorie Moeder in die bediening. Deel II |
| Pastorale leierskap | P104 | ’n Lering wat handel oor Pastorale Leierskap en Kommunikasie in die pastoraat. |
| Vissers van mense | M4 | ‘n Beknopte studie oor Evangelisasie, Altaar werk, Huis en Hospitaal besoek. |
| Pastorale Berading | P102 | ‘n Pastorale Berading model. |

## 9.4 Diploma in Bybelse Berading

| Vak | Module | Krediete | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| Pastorale berading | P102 | 20 | Beradings model om pastore te help met berading |
| Inleiding tot sielkunde | P105 | 10 | Die wetenskaplike bestudering van menslike gedrag en denkprosesse. |
| Inleiding tot Sosiologie | P106 | 10 | Die studie van die samelewing en die interaksie tussen mense. |
| Pastorale Teologie | P202 | 10 | Die teologiese bestudering van die amp, doel en funksie van die pastoraat. |
| Bybelse berading vir vandag | Dc105 | 15 | Bybelse grondslag vir berading |
| Bekwaam om te beraad | Dc106 | 15 | Die bekwaamheid van die berader |
| Genees die Hart | Dc107 | 15 | Hoe om die Bybel as beradings middel te gebruik |
| Los Gister in die verlede | Dc108 | 15 | Die beradene se aanslag tot berading |
| Geen meer seerkry | Dc109 | 15 | Lewe na seksuele misbruik |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lief om tee et, haat om te eet** | **Dc110** | **15** | **Hantering van eet versterings** |

# 10. Vertroulikheidsbeleid.

**Geen transkripsie van ’n student se prestasie of kwalifikasies sal aan enige iemand beskikbaar gestel word sonder skriftelike magtiging van die student nie. Die versoek van die student moet insluit: ID nommer, huidige telefoon nommer, datum van inskrywing, datum van laaste bywoning, huidige adres van student en die naam en adres van persoon of instansie aan wie hierdie magtiging verleen word. Geen persoonlike besonderhede van enige student sal aan enige iemand beskikbaar gestel word sonder die skriftelike toestemming van die student nie.**

**Kopiereg 2011.**



# 11. Kanselasie van studies

## 11.1 PROSES BY KANSELLASIE VAN STUDIE

U kennisgewing van kansellasie van studie of enkele kursusmodules moet op die amptelike kansellasievorm geskied wat by die registrateur verkrygbaar is.

Indien kennis van kansellasie per brief geskied, moet dit per geregistreerde pos aan die Kampusregistrateur gerig word, in welke geval die datum van ontvangs as amptelike kansellasiedatum aangeteken sal word.

Die kansellasie is geldig vanaf die datum van behoorlike indiening van die kansellasievorm by Departement Akademiese Administrasie of vanaf die datum van die ontvangs van die geregistreerde posstuk deur die Kampusregistrateur.

Die Kampusregistrateur of Departement Akademiese Administrasie sal Finansiële Administrasie: Inkomste dienooreenkomstig inlig rakende die kansellasie.

## 11.2 BETAALBARE GELDE BY KANSELLASIE VAN STUDIE

Indien student voor 20 Februarie, en sy/haar studie kanselleer, is slegs die registrasie- en minimum klasgelde betaalbaar, soos hierbo uiteengesit.

Indien studente na 20 Februarie, en sy/haar studie kanselleer, is die volle klasgeld vir die eerste semester betaalbaar.

Indien 'n student sy/haar studie vir die tweede semester voor 31 Julie kanselleer, is slegs die eerste semester se klasgeld betaalbaar.Indien 'n student sy/haar studie na 31 Julie kanselleer, is die volle jaar se klasgeld betaalbaar.